Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Jenny Williams**
Direktoraat: Diensvoordele
Jenny.Williams2@westerncape.gov.za | 021 467 2031

Lêerno.: 3/3/R
Verwysing: 20230227-1923

Omsendbrief: 0005/2023
Vervaldatum: 03 Januarie 2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Adjunkdirekteure, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en erkende vakbonde

Kort opsomming: *Bestuur van werksaamhede (kantoorsluiting) gedurende 2023-feestyd*

**Onderwerp: Bestuur van werksaamhede (kantoorsluiting) gedurende 2023-feestyd**

1. Ooreenkomstig die besluit van die Wes-Kaapse Regering dat elke provinsiale departement sy eie werksaamhede gedurende die vakansietyd vasstel, is daar besluit om die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se kantore vanaf **27 Desember 2023 tot 03 Januarie 2024** (vyf werksdae) te sluit, buiten amptenare wat noodsaaklike dienste verrig.

2. **Alle werknemers moet kennis neem dat hul jaarlikse verlofkrediete gebruik sal word (drie dae van die 2023-siklus en twee dae van die 2024-siklus) om die vyf werksdae te dek,** en verlofvorms moet steeds soos gewoonlik ingedien word.

3. Hierdie sluitingstyd is so kort as moontlik gehou, maar steeds in die belang van die WKOD.

4. Gee asseblief voorkeur aan die voltooiing van alle voorleggings en die finalisering van beplanning gedurende hierdie tyd tussen die jaarlikse sluiting van skole en die sluiting van die WKOD sodat ons ons pligte op 04 Januarie 2024 kan hervat, gereed vir die uitdagings van die nuwe jaar.

5. Indien enige werknemer 'n beswaar teen die bogenoemde reëling wil aanteken of indien daar 'n behoefte is dat sekere werknemers vir werksaamhede gedurende die sluitingstyd aan diens moet wees, moet die nodige motiverings aan die betrokke hoofdirekteur teen **30 Junie 2023** vir besluitneming gestuur word.

6. Die bogenoemde besluite moet aan die Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke voor of op **31 Julie 2023** oorgedra word en laasgenoemde sal die Hoof: Onderwys van enige afwykings wat aangespreek moet word, in kennis stel.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-16